Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Julie 2014

Lees binne...

- **Geloofsgemeenskap wat uitkring** – 1
- **Die muur...** – 2
- **Die Bybel as bron van geloof** – 3
- **Ons praat teologie** – 6

In hierdie uitgawe

- Bl 1 ’n Geloofsgemeenskap wat uitkring na buite (Ds Cobus Jansen van Nieuwenhuizen)
- Bl 2 **Van die redakteur, ds David Barnard**
  Die muur...
- Bl 3 **Aktuele sake**
  Die Bybel as bron van geloof (Dr Piet van Staden)
  Vriendelike besorgdheid (Oudl W van Rensburg)
- Bl 4 **Kerkwêreld**
  NHKA en MRCC nou lid van die WGGK (Dr Wouter van Wyk)
  Platinumkrisis – die Hervormde Kerk gee om (Ds Gerhard Stoltz)
- Bl 5 **Kerkwerf**
  SENTIK en kommunikasie in die Kerk (Dr Wouter van Wyk)
  Beroepe aanvaar
  Onthou dié datums
- Bl 6 **Ons praat Teologie**
  Wat leer predikante op universiteit oor die Bybel? (Dr Anneke Viljoen)
- Bl 6 **Gespreksforum**
  Die Hervormde Kerk in die voetspore van Jesus (Marsulizé van Niekerk)
  Aanvaar eienaarskap vir jou gemeente (Oudl Tolla Strydom)
- Agterblad **Oordenking**
  God is hier teenwoordig (Ds Monja-Lize van Belkum)

****

Die muur...

Ds David Barnard skryf in die redaksionele berig dat ’n beduidende persentasie jongmense tussen die ouderdomme van 20 en 30 jaar hulle tans buite kerklike strukture bevind. Die meeste buitekerklike jongmense beleef Christene as veroordelend, skynheilig, polities konserwatief en onverdraagsaam.

Bo en behalwe ’n kilheid wat soms met rigiede strukture gepaardgaan, is een van die verdere redes wat aangevoer word dat die kerk se na binne gekeerde benadering tot kerkwees andersdenkendes en nuwelinge soos vreemdelinge kan laat voel. Dalk was en is die Kerk in ’n mindere of meerdere mate daaraan skuldig dat sy in die verlede enersdenkendes bymekaar gebring het om in vrede en harmonie saam en patroonmatig te aanbid. Die maklikste manier om ongemaklike verskille uit die weg te ruim, is om dié wat die verskille na die binnekring dra, na die grense uit te stoot.

Daar het oor die laaste paar jaar sigbare skuiwe plaasgevind. Buiten ’n verskerpte missionale bewussyn binne die Kerk, wat die mure rondom die Kerk op vele terreine deurbreek het, het ’n nuwe verdraagsaamheid en ontvanklikheid in die Kerk gegroei. Hierin was ons Here Jesus Christus deurgaans vir ons ’n voorbeeld. Hy het telkens die mense wat buite die tradisionele, gewilde, aanvaarbare kring beweeg het, betrek. Hy het dié wat anders gedoen en gedink het, nadergetrek. Hy het dié wat deur die samelewing verwerp is, tuis laat voel in sy midde. Jesus het nie stilgestaan by en verstar geraak met die Griekse filosofie en die Joodse wet nie. Jesus se verkondiging het met sy liefde en betrokkenheid by alle mense te make gehad. Die hartseer is egter dat daar dikwels in die geskiedenis van die Christelike kerk daarna, nuwe gewildheidsgroepe, nuwe uitsluitende groepe gevorm is. Die ou mure wat deur Jesus afgebreek is, het plek gemaak vir nuut geboude bakens van afskeiding en voorkeurgroepering.

In ons leefwêreld doen die geleentheid hom voor om ’n verruimde visie op liefde en omgee te ontwikkel. Ons beweeg in ’n ruimte waarbinne die liefde van ons Here Jesus Christus as rigtingwyser vir ons eie geloof en die uitleef daarvan kan dien. Ons verantwoordelike omgang met die Woord van God help om hierdie soeke na opregte liefde en omgee na die oppervlak te bring.

****

’n Geloofsgemeenskap wat uitkring na buite

Ds Cobus Jansen van Nieuwenhuizen vertel dat Gemeente Hartebeeshoek drie en ’n half jaar gelede op die drumpel van ’n uitdagende realiteit gestaan het: Die gemeente kon weens ’n handjie vol lidmate, geen predikant en ’n stewige oortrokke bankrekening nie bly voortbestaan nie.

Tog het hulle besef dat hulle ’n roepingsdoel het. Daarom het hulle na God gedraai, met die wete dat Hy alles is, en met hierdie wete het hulle hand aan die ploeg geslaan – nie met die doel om voort te bestaan nie, maar met die doel om aan te sluit by dit waarmee God reeds besig was in die wêreld.

Tans bedien die gemeente meer as 320 lidmate, op verskeie gebiede, buite die tradisionele lidmaatgrense. Hierdie lidmate is nie op die boeke van die gemeente nie en bestaan uit ongeveer 52 behoeftige gesinne (130 persone), twee huise vir haweloses (215 persone waarvan 35 kinders is) en een ouetehuis vir wees gelate bejaardes (17 bejaardes) wat weekliks van kos voorsien word. Verder is die gemeente betrokke by kindersorg en kosprojekte by skole. Daar word ook belê in die opvoeding en onderrig van behoeftige kinders deur finansiële bystand te bied sodat tersiêre onderrig verleen kan word, ekstra klasse aangebied kan word en kinders ondersteuning kan kry met skoolgereedheidsprogramme.

In ds Jansen van Nieuwenhuizen se woorde: “Ons probeer om by mense aan huis te gaan, hul menswaardigheid te respekteer, sonder veroordeling. Ons probeer hul storie verstaan, saam met hulle dink, saam met hulle voel, op soek na ’n stukkie hoop vir ’n beter toekoms.

“Deur vir mense kerk te wees in hul konteks, bring weer hoop vir ’n gemeenskap wat alle vertroue in die stelsels van die samelewing verloor het, en ja, hul hoop in God verloor het. Dit het tot gevolg dat werkloses weer begin werk soek; ander ophou om chemiese antwoorde te vind; dat eens ongemotiveerde leerders weer hard werk en presteer; en dat ander selfs weer begin ‘kerk’ en hul geloof begin uitleef. Groot was ons verbasing toe ons ‘uitgebreide gesin’ onlangs vanself begin het om fondse in te samel; begin help het om ander gesinne te besoek en by te staan; en hoe hulle betrokke raak by verpakking van kosvoorrade!”

****

Ons praat Teologie

Dr Piet van Staden noem daar word soms beweer dat teoloë en predikante die geloof van lidmate doelbewus ondermyn deur deel te neem aan die wetenskaplike studie van die Bybel. Wat in werklikheid besig is om plaas te vind, is dat wetenskaplike teologiebeoefening se prosesse en resultate meer deursigtig word, en daarmee saam word die voorlopigheid van aannames en bevindinge aangetoon. Dit is in lyn met wetenskapsbeoefening in alle dissiplines wat poog om te voldoen aan die eis van verantwoordbaarheid in terme van navorsingsmetodiek. Een van die eerste vereistes vir wetenskaplikheid is ’n eerlike poging om ons eie aannames en vooroordele te erken en te onderwerp aan die verifikasieproses.

Die angstigheid om agter wetenskaplike Bybelnavorsing die een of ander sameswering te sien, is ’n selfvervullende profesie. Mense word beweeg om te reageer uit vrees eerder as op grond van gebalanseerde denke. Dit verteenwoordig ook ’n fundamentele wantroue in die krag van die evangelieboodskap om homself kerstenend te handhaaf teen ander gelowe en ideologieë. So ’n wantroue skaad die voortgang van die evangelie.

In aansluiting hierby vra **dr Anneke Viljoen**: Wat leer predikante op universiteit oor die Bybel? Volgens haar is daar beslis baie sterkpunte in die opleiding wat sy vir niks sal verruil nie, maar daar is ook leemtes.

Een van die grootste sterkpunte van ons Kerk se opleiding is die bemeestering van die brontale waarin die Bybel geskryf is. Ons predikante het ook nie ’n oorvereenvoudigde en ongekompliseerde verstaan van die ontstaan en oorlewering van die Bybel geleer nie. Die Fakulteit is ook ’n ruimte waarbinne studente onbevange vrae kan vra sonder vrees om veroordeel of verketter te word. Hulle is werklik geleer om krities te kan dink.

Die grootste leemte, volgens dr Viljoen, is dat daar soms uit die oog verloor is dat die wetenskaplike teologiebeoefening wat by die Fakulteit aan studente geleer word, nie ter wille van sigself bedryf word nie. Dit staan in diens van die Kerk, met die oog op die vorming van predikante wat in gemeentes geestelike

leiding moet gaan bied. Ons wil nie in die eerste plek goeie wetenskaplikes oplewer nie, maar wil studente geestelik vorm sodat hulle met die hulp van die akademiese gereedskap wat die opleiding ons aan die hand doen, bedrewe is om hul eie en die geloof van gemeentelede te koester. Met ander woorde, die akademie word ingespan in ’n konstruktiewe lees van die Bybel in diens van die geloof van die Kerk.

Van **oudl W van Rensburg** van Gemeente Makarios in Kempton Park kom ’n vriendelike vermaning, met verwysing na die artikel deur ds Kobus Pienaar in *Die Hervormer* van Mei 2014: *Dink u en die redaksie nie dat artikels wat stellings bevat wat moontlik omstrede kan wees, liewer in teologiese vakpublikasies waar dit deur kenners beoordeel en hanteer kan word, tuishoort nie? Andersins, sal u dit asseblief oorweeg om saam met die publikasie van sulke artikels ook ’n stelling te plaas ten opsigte van die amptelike siening van die Kerk rakende die saak?*

Een van die finalejaar teologiestudente, **Marsulizé van Niekerk**, sluit aan by dr David Barnard se redaksioneel waarin hy benadruk dat Jesus telkens die mense wat buite die tradisionele, gewilde, aanvaarbare kring beweeg het, betrek het. Hy het dié wat deur die samelewing verwerp is, tuis laat voel in sy midde. Marsulizé sien Jesus se voetspore as ’n goeie riglyn vir gelowiges, en ook vir die Hervormde Kerk. Wanneer ons daarna streef om meer en meer soos Jesus te wees, sal ons, net soos Hy, ’n waarlike en werklike verandering in die wêreld teweeg kan bring. Wat vra dit van ons, wanneer ons sê ons wil meer soos Jesus wees? Vra dit vir ons hoe ons ons tyd gebruik? Is ons so besig om ons eie begeertes na te jaag dat ons nie meer tyd het vir iemand in nood nie? Vra dit na hoe ons met ons ouers, ons kinders, die kind op die straathoek, of die vrou by die kasregister praat? Vra dit na die manier waarop jy, as tiener, tussen jou vriende optree, wanneer ek dink niemand anders sien my nie? Of die manier waarop jy teenoor jou maats en onderwysers by die skool optree? Om meer soos Jesus te wees, spreek tot al hierdie dinge, maar ook tot soveel meer. God vra na dit wat in ’n mens se hart is. Deur hierdie skuif te maak, en eerder daarna te streef om op Jesus se voetspore te wandel as dié wat vir ons persoonlike gewin beteken, kan ons die wêreld waarin ons beweeg, saam verander.

****

Ander berigte

Daar is ook berigte oor die NHKA en die MRCC se lidmaatskap van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK); die Hervormde Kerk se uitreik in die platinumkrisis; SENTIK en die kommunikasie in die Kerk; en ’n oproep van oudl Tolla Strydom dat elkeen eienaarskap in sy of haar gemeente moet aanvaar.

Ds Monja-Lize van Belkum vra in haar oordenking: Watter beeld vorm in ons gedagtes by die aanhoor van die woord *God*? Natuurlik is elkeen se denke hieroor anders. Baie mense dink aan God as Iemand wat ver en op ’n afstand is. ’n God wat hemel en aarde en ook vir ons geskape het, maar dan terugstaan en ons van ’n afstand af dophou. ’n God wat dáár is en dan van tyd tot tyd hiernatoe kom. So wáár is God dan werklik?

’n Mens kan in een dag soms meer van God se teenwoordigheid leer as in die res van jou lewe. Herken ons egter God se betrokkenheid en teenwoordigheid in ons lewens? Die Bybel is hierin ons riglyn, en so moet ons deur die Heilige Gees glo en doen! In Jesus Christus kom staan God by ons, te midde van die realiteit van hierdie lewe. Die glimlag van ’n kind, die emosiebelaaide oomblik van ’n drukkie. ’n Operasie wat suksesvol afloop. Dis waar God is, wie God is. Dit móét ’n mens verander! Want God is hiér teenwoordig!